**Wat is die standpunt t.o.v openbare vergaderings?**

Volgens die Wet op Reëling van Byeenkomste, 1993, soos deur die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 gewysig, mag geen persoon by 'n byeenkoms of betoging soos in die Wet op Reëling van Byeenkomste, 1993 omskryf, die volgende in sy of haar besit hê nie:

» Enige gevaarlike wapen
» 'n Vuurwapen
» Enige voorwerp wat 'n replika van 'n vuurwapen is en waarskynlik met 'n vuurwapen verwar kan word.

Dit is 'n kriminele oortreding om enige sodanige 'n item in jou besit te hê by 'n byeenkoms. 'n Oortreding van die Wet in hierdie verband is strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.

**Saamgestel deur:**

Die Adeling: Sigbare Polisiëringsafdeling

**Besoek die SAPD webblad vir meer inligting: www.sapd.gov.za**

**SAPD Noodlyn: 10111**

**SAPD Stop Misdaad / Tip Off: 08600 10111**

**Call Centre for Service Delivery Complaints: 0800333177**

# WET OP GEVAARLIKE WAPENS

## 2013, WET NR 15 VAN 2013

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, gee almal die reg om beskerm te wees teen alle vorms van geweld, en waarborg dat almal die reg het om vreedsaam en ongewapen byeen te kom, te betoog, plakaatbetogings te hou en petisies in te dien.

Om die besit van gevaarlike wapens te reguleer en om sekere verbodsbepalings ten opsigte van die besit van gevaarlike wapens te verskaf, is die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wet nr 15 van 2013), deur die regering ingestel om aan die gees van die Grondwet te voldoen. Die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 herroep die Wet op Gevaarlike Wapens wat in werking was in die Republiek van Suid-Afrika, asook in Transkei, Venda, Ciskei en Bophuthatswana omdat dit voor 27 April 1994 ingestel. Dit is 'n enkele wet wat gevaarlike wapens eenvormig in die hele Republiek van Suid-Afrika reguleer.

## Wat is 'n gevaarlike wapen?

Artikel 1 van die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wet nr 15 van 2013), omskryf 'n **gevaarlike wapen as**:

» enige voorwerp anders as 'n vuurwapen, wat in staat is om dood of ernstige, liggaamlike beserings te veroorsaak, indien dit vir 'n onwettige doel gebruik word.

## Wat is verbodsbepalings vir die besit van gevaarlike wapen(s) ingevolge die Wet?

Artikel 3 (1) van die Wet bepaal dat:

» enige persoon wat in besit van enige gevaarlike wapen is in omstandighede wat 'n redelike vermoede kan skep dat die persoon van voorneme is om die gevaarlike wapen vir 'n **onwettige doel** te gebruik, is skuldig aan 'n oortreding en met skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar.

## Wat is die bepalende faktore om vas te stel of 'n persoon van voorneme is om die voorwerp as 'n gevaarlike wapen vir 'n onwettige doel te gebruik?

Artikel 3 (2) toon die volgende faktore aan wat in ag geneem moet word, maar nie daartoe beperk is nie:

» Die plek en tyd waar die persoon gevind word

» Die gedrag van die persoon, insluitend enige dreigement of intimiderende gedrag

» Die manier waarop die voorwerp gedra of vertoon word

» Of die besit van die voorwerp in die konteks van dwelmhandel, bende-verwant of enige georganiseerde misdaad of enige ander kriminele aktiwiteit is

» Enige ander relevante faktore, insluitend enige verduideliking wat die persoon moontlik wil gee waarom hy/sy die voorwerp in sy/haar besit het. Neem kennis dat 'n persoon nie gedwing kan word om 'n verduideliking te gee nie. Dit is vrywillig.

## Watter aktiwiteite is nie teenstrydig met die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wetnr 15 van 2013) nie?

Volgens Artikel 2 van die Wet, kan 'n persoon of persone, indien hy/sy/hulle onder die volgende omstandighede met gevaarlike wapens in sy/haar/hulle besit gevind word, nie gearresteer en aangekla word nie:

» Tydens enige wettige werksaamhede, taak of aktiwiteit

» Tydens deelname aan enige godsdienstige of kulturele aktiwiteite, wettige sport, ontspanning of vermaak

» **Wettige versameling, vertoon of uitstalling van wapens.**